Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 08 Feb 2018
Page: 31

AVE: 4729.03
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

Brittain se 'lyf het genoeg gehad', roei nie vanjaar

Die Suid-Afrikaanse roeier Lawrence Brittain het gister aangekondig hy gaan hy 'n "sabbatsjaar" neem sodat sy lyf kan herstel van 'n swaar werklas die laaste paar jaar.

"Op die oomblik is my lyf nie gelukkig met my nie. Ek dink die groot volume van intense oefening het my nou afgetakel. Ek voel dis nodig om uit te rus," het Brittain (27) in 'n verklaring van Tuks gesê.

"My groot doelwit is om op die Olimpiese Spele van 2020 in Tokio deel te neem, so 2019 gaan 'n belangrike jaar wees, omdat ons dan moet kwalifiseer vir die Spele. Die feit dat ek nie vanjaar gaan meeding nie, is nie die einde van die wêreld nie. Ek het nodig dat my lyf 100% is vir die opbou na die Spele."

Brittain het in 2016 saam met Shaun Keeling tweede in die Olimpiese eindronde van die manspare geëindig. – **Marizanne Kok**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.